**2 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 101**
**Fokusgedeelte: Psalm 101:2**

## Ek moet opreg lewe

Dawid skryf hier hoe dit in sy huis, onder sy huismense en dié wat by hom werk, moet gaan. Kan daar van ons elkeen se verhouding met ons huismense en werksmense, gelowiges en ander dieselfde gesê word as van die psalmdigter? Hoe leef ek my band met die Here tuis en onder dié wat met my saamwerk, uit?
Om as gelowige reg te lewe teenoor die gelowiges en ongelowiges rondom my, moet die band met die Here die belangrikste van my lewe wees. Dan moet ek baie goed onthou, as my band met die Here nie reg is nie, as ek nie as loot in die wynstok gewortel is nie, sal ek nie die regte verhouding met my huismense en dié in my diens hê nie.
Nog belangriker vir my as gelowige: As ek ervaar dat my verhouding met my vrou, man, kinders en ander nie reg is nie, moet ek weet daar skort iets met my verhouding teenoor die Here!
Hoe staan ons elkeen as ouers en hoofde in ons huise nie skuldig nie! Wat het geword van preekbespreking, huisgodsdiens, saam lees en bid met my werksmense? Het dié wat saam met jou werk 'n Bybel en waar gaan hulle kerk toe?
Ek wil die liefde van die Here teenoor my met dankbaarheid, in woord en daad aan almal om my bewys!

*Sing: Skrifberyming 2:4* *Ds. JJ Breedt (Emeritus)*